- 59 Nakomingskennisgewing
- 60 Sluiting van geregistreerde en ander persele

Hoofstuk 8

Oortredings en Strawwe

- 61 Algemene oortredings
- 62 Oortredings met betrekking tot Raad en Agentskap
- 63 Oortredings met betrekking tot inspeksies

- 64 Strawwe
- 65 Vermoedens
- 66 Jurisdiksie van landdroshof

Hoofstuk 10

Oorgangsbepalings

- 67 Ontbinding van "Eastern Cape Parks Board" en die "Eastern Cape Tourism Board"
- 68 Regsopvolger
- 69 Tussentydse Raad
- 70 Waarnemende hoof uitvoerende beamppte
- 71 Regsgedinge en interne gedinge en ondersoeke
- 72 Bestuur van beskermde gebiede
- 73 Finansiële, administratiewe en ander rekords van "Eastern Cape Parks Board" en "Eastern Cape Tourism Board"
- 74 Werknemers van "Eastern Cape Parks Board" en "Eastern Cape Tourism Board"
- 75 Voortgaande registrasie van toergidse, toer- operateurs, koeriers, opleiding verskaffers, hotelle, ander akkommodasie instansies, konferensie sentrums, restaurante en aangewese toeriste geriewe
- 76 Bestuursplanne
- 77 Regsnakomingsaktiwiteite
- 78 Algemene bepaling

Hoofstuk 10

Algemene Bepalings

- 79 Prosedurele billikheid
- 80 Herroeping van wette

Hoofstuk 11

Kort Titel en Inwerkingtreding

- 81 Kort titel en inwerkingtreding

Hoofstuk 1

Definisies

1 Definisies

In hierdie Wet, tensy die konteks anders aandui, beteken -

"Agentskap" die Oos Kaap Parke en Toerisme Agentskap ingestel kragtens artikel 10;

"beskermde gebied" –

- (a) enige natuurreservaat kragtens artikel 6 van die Natuur en Omgewingsbewaring Ordinasie, 1974 (Ordinasie No. 19 van 1974) wat ten tye van inwerkingtreding van hierdie Wet as 'n Provinsiale park in die register van Provinsiale parke gelys is of bestuur word deur die "Eastern Cape Parks Board" soos beoog word in artikel 33 of artikel 8(1)(a) gelees met artikel 60(1)(d)(iii) van die "Provincial Parks Boards Act (Eastern Cape), 2003", ongeag of die LUK sodanige natuurreservaat as 'n Provinsiale park verklaar het of die bestuur daarvan toegeken het soos vereis word ingevolge artikel 33 of 41 van daardie Wet;
- (b) 'n Nasionale beskermde gebied, 'n Provinsiale beskermde gebied of 'n plaaslik beskermde gebied soos oorweeg word in die "National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003" wat ten tye van die inwerkingtreding van hierdie Wet, deur die "Eastern Cape Parks Board" bestuur word as bestuursbevoegheid ingevolge 'n toekenning wat deur die Kabinet lid verantwoordelik vir nasionale omgewingsbestuur of die LUK ingevolge artikel 38(1) of (2) van daardie Wet gedoen is of bestuur word ingevolge 'n ooreenkoms met die Nasionale departement verantwoordelik vir omgewingbestuur;
- (c) enige natuur reservaat wat na inwerkingtreding van hierdie Wet kragtens enige toepaslike provinsiale wetgewing verklaar word en deur die LUK aan die Agentskap toegeken word kragtens die "National Environmental Management Act, 2003";

(d) enige beskermde gebied wat oorweeg word in die "National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003" en waarvan die Agentskap as die bestuursbevoegheid aangewys is kragtens 'n toekenning wat deur die Kabinetslid verantwoordelik vir Nasionale omgewingsbestuur of die LUK ingevolge artikel 38(1) of (2) van daardie Wet gemaak is;

"bestuur" met betrekking tot 'n beskermde gebied, sluit in die beheer, beskerming, bewaring, onderhoud en rehabilitasie van die gebied;

"bestuursgesag" met betrekking tot 'n beskermde gebied, is die bestuursgesag wat oorweeg word in die "Nasionale Environmental Management: Protected Areas Act, 2003", (Wet No. 57 van 2003) ;

"biodiversiteit" dieselfde wat artikel 1 van die "Nasionale Environmental Management: Biodiversity Act, 2004", (Wet No. 10 van 2004) daaraan toeken;

"Departement" die Departement verantwoordelik vir toerisme en omgewingsake in die Provinsie;

"Eastern Cape Parks Board" die "Eastern Cape Parks Board" ingestel kragtens artikel 6 van die "Provincial Parks Boards Act (Eastern Cape), 2003", (Wet No. 12 van 2003);

"Eastern Cape Tourism Board" die "Eastern Cape Tourism Board" ingestel kragtens artikel 3 van die "Eastern Cape Tourism Board Act, 2003", (Wet No. 8 van 2003);

"Gazette", die Oos Kaapse Provinsiale Koerant;

"Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, 1996;

"hierdie Wet" sluit enige regulasies kragtens hierdie Wet gemaak in; en

"HVD" die Hoof van die Departement;

"kleinonderneming" 'n kleinonderneming in artikel 1 van die Nasionale Nasionale Kleinondernemingswet Wet, 102 van 1996 omskryf;

"LUK" die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir toerisme en omgewingsake in die Provinsie;

"munisipaliteit" 'n munisipaliteit ingestel kragtens die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"Provinsie" die Provinsie van die Oos Kaap ingestel kragtens artikel 103 van die Grondwet;

"Raad" die Oos Kaap Parke en Toerisme Raad ingestel kragtens artikel 15;

"regulasie" 'n regulasie deur die LUK gemaak ingevolge hierdie Wet;

"vaartuig" enige tipe watervarende tuig, hetsy selfaangedrewe of nie, maar sluit nie enige drywende struktuur in wat nie vir die vervoer van enige iets op water gebruik word nie;

"voorskryf" by regulasie in die Gazette voorgeskryf deur die LUK.

Hoofstuk 2

Departementele Oorsig en Uitvoerende Bevoegdheid

2 Uitvoerende bevoegdheid

(1) Die LUK is die uitvoeringsgesag van die Agentskap soos bedoel in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

(2) Die LUK -

- (a) moet die vergoeding van die lede van die Raad in oorleg met die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir finansies bepaal;
- (b) moet die Provinsiale Registrateur van Toeriste Gidse wat deur hom of haar ingevolge artikel 21 van die Wet op Toerisme, 1993 (Wet No. 72 van 1993) aangestel is aan die Agentskap sekondeer;
- (c) moet duidelike kommunikasie-kanale tussen hom of haar en die Agentskap daarstel en behou;
- (d) moet die prestasie van die Agentskap monitor en jaarliks hersien;
- (e) moet elke derde jaar, die hersiening van die Agentskap se prestasie met betrekking tot sy doelwitte fasiliteer, deur 'n eksterne evalueringspaneel

wat uit die publieke- en privaatsektor kom op 'n deursigtige en openlike manier aan te stel en wat ten minste bestaan uit -

- (i) persone met goeie kennis van en ondervinding in toerisme, bemarking, biodiversiteitsbestuur en kommersialisering; en
 - (ii) 'n persoon met goeie kennis en ondervinding in die bestuur van openbare entiteite;
- (f) mag direkteur aan die Agentskap uitvaardig om te verseker dat dit effektief en ekonomies funksioneer; en
- (g) mag, indien die prestasie van die Agentskap na 'n hersiening soos oorweeg word in paragraaf (c) of (d) onvoldoende bevind word, niteenstaande die bepalings van hierdie Wet, ingryp deur die Agentskap opdrag te gee om die funksie te oorhandig en die Departement moet daardie funksie ten behoeve van die Agentskap uitoefen en nakom.

3 Provinsiale riglyne.

(1) Die LUK mag riglyne uitvaardig met betrekking tot aangeleenthede wat van toepassing is op die toerisme en biodiversiteitsbestuur sektore, wat in ooreenstemming is met die oogmerke van hierdie Wet en verbandhoudende wetgewing met betrekking tot -

- (a) meganismes om die deelname van voorheen benadeelde individue, gemeenskappe en kleinondernemings in die toerisme en biodiversiteitsbestuur sektore te bevorder;
- (b) die diensverskaffing wat deur die Agentskap gelewer word;
- (c) riglyne vir die vasstelling van fooie en heffings deur die Raad;
- (d) die aanwending van nuwe tegnologie; en
- (e) enige ander beleid wat nodig mag wees vir die toepassing van hierdie Wet of verbandhoudende wetgewing.

(2) Die Agentskap, in die uitvoering van sy bevoegdhede en nakoming van sy verpligtinge ingevolge hierdie Wet en die verbandhoudende wetgewing, moet die riglyne wat deur die LUK ingevolge subartikel (1) uitgevaardig word, nakom.

4 Onderzoek en uitoefening en verrigting van Departementele bevoegdheid en verpligting van Agentskap

(1) Die LUK mag, ter enige tyd,–

(a) in oorleg met die Agentskap, versoek dat die Agentskap enige aangeleentheid ondersoek wat betrekking het op bewaring of toerisme wat hy of sy nodig ag;

(b) in oorleg met die Agentskap, versoek dat die Agentskap 'n bevoegdheid of verpligting van die Departement of 'n ander staatsorgaan wat betrekking het op toerisme of biodiversiteit, bestuur ten behoeve van die Departement of staatsorgaan; of

(c) die sake of finansiële posisie van die Agentskap ondersoek.

(2) Enige redelike koste wat aangegaan word deur die –

(a) Agentskap as gevolg van 'n ondersoek of die uitoefening of verrigting van 'n bevoegdheid of 'n verpligting soos oorweeg word in subartikel (1)(a) of (b) mag verhaal word van die Departement;

(b) Departement as gevolg van 'n ondersoek soos oorweeg word in subartikel (1)(c) mag verhaal word van die Agentskap.

5 Regulasies

(1) Die LUK mag, by wyse van kennisgewing in die *Gazette*, regulasies maak wat nie teenstrydig is met hierdie Wet is nie met betrekking tot–

(a) enige aangeleentheid wat vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word in terme van hierdie Wet;

(b) 'n gedragskode vir lede van die Raad;

(c) enige aangeleentheid met betrekking tot die funksionering van die Agentskap of die Raad wat nodig is om die Agentskap se effektiwiteit te verseker of om goeie orde te bevorder; en

(d) enige verbandhoudende administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig is vir die behoorlike implementering of administrasie van hierdie Wet.

(2) Alvorens die LUK enige regulasie kragtens hierdie artikel uitvaardig, moet hy of sy in die *Gazette* 'n konsep publiseer van die voorgestelde regulasie saam met 'n kennisgewing wat belangstellende persone uitnoui om kommentaar te lewer, op skrif, binne die tydperk wat in die kennisgewing genoem word, welke tydperk nie minder as 30 dae vanaf datum van publikasie van die kennisgewing mag wees nie.

(3) Indien die LUK die konsep regulasies wysig as gevolg van enige kommentaar ontvang, hoef hy of sy nie die wysigings te publiseer voordat die regulasies uitgevaardig word nie.

6 Delegasie deur LUK

Die LUK mag enige van sy of haar bevoegdhede in terme van hierdie Wet, met uitsluiting van die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig en die bevoegdheid om die lede van die Raad aan te stel, aan enige beampte van die Departement deleger.

7 Verklaring van provinsiale beskermde gebied

Die LUK mag enige tipe van provinsiale beskermde gebied in ooreenstemming met die bepalings van die "National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003" en enige toepaslike provinsiale wetgewing verklaar en mag die bestuur van daardie gebied aan die Agentskap toeken, indien toepaslik.

8 Verkryging van grond deur LUK

(1) Die LUK mag, handelend met die instemming van die Premier, privaat grond, of enige reg in of op privaat grond verkry, wat, of beoog word om, as 'n beskermde gebied verklaar te word of wat, of beoog word om, in 'n Provinsiale park ingesluit te word, deur-

(a) koop van die grond of reg;

(b) uitruil van die grond vir ander grond; of

(c) onteiening van die grond of reg, indien geen ooreenkomst met die eienaar of houer van die reg bereik kan word nie.

(2) Die Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975), is van toepassing op enige verkryging van grond of reg in of op grond in terme van subartikel (1)(c).

9 Vrystelling en verlenging

(1) Die LUK mag, indien redelike gronde bestaan, die Agentskap, ander staatsorgaan of enige persoon van enige bepaling van hierdie Wet vrystel.

(2) Die LUK mag, indien redelike gronde bestaan, enige tydperk wat voorgeskryf met betrekking tot enige iets in hierdie Wet bepaal, verleng.

Hoofstuk 3

Instelling, Doelwitte en Bevoegdhede en pligte van Agentskap

10 Instelling van Oos Kaap Parke en Toerisme Agentskap

Die Oos Kaap Parke en Toerisme Agentskap word hierby ingestel as 'n regspersoon.

11 Oogmerke van Agentskap

(1) Die oogmerke van die Agentskap is om -

(a) biodiversiteit in beskermde gebiede wat in die Provinsie geleë is te bestuur;

(b) toerisme in die Provinsie te bestuur;

(c) die effektiewe implementering van sy bewarings en toerisme bevoegdhede en pligte wat in terme van hierdie Wet en enige ander wet opgedra word, te verseker;

(d) uitnemendheid in die bestuur van die besigheid en hulpbronne van die Agentskap te verseker.

(2) In nastrewing van sy oogmerke moet die Agentskap, onder andere –

- (a) strategiese leierskap in biodiversiteitsbestuur en toerisme fasiliteer deur die ontwikkeling van die nodige strategiese doelstellings;
 - (b) tot ander strategies raamwerke van die regering bydra om interregeringskoördinasie en gekonsentreerde finansiële en natuurlike hulpbron benutting te verseker;
 - (c) innovasie en beste praktyk met betrekking tot biodiversiteitsbestuur en toerisme bevorder;
 - (d) vir effektiewe biodiversiteitsbestuur in die beskermde gebiede voorsiening maak, in ooreenstemming met, onder andere, toepaslike nasionale wetgewing;
 - (e) die aaneenskakeling tussen biodiversiteitsbestuur en die sosio-ekonomiese voordele wat daaruit verkry kan word, optimiseer;
 - (f) infrastruktuurbestuur in die beskermde gebiede onderneem;
 - (g) toerisme in die Provinsie bemark, bevorder en ontwikkel;
 - (h) sosio-ekonomiese groei en transformasie in die bewarings- en toerisme-industrie bevorder, om sodoende ekonomiese- en werks- geleenthede te skep vir voorheen benadeelde individue en plaaslike gemeenskappe in die Provinsie;
 - (i) die bevordering van belegging in die bewarings- en toerisme- industrie fasiliteer;
 - (j) die goeie korporatiewe bestuursbeginsels en hulpbron bestuur vereistes wat in hierdie Wet, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 en ander toepaslike wette neergelê word, na te kom.
- (3) Ter bereiking van sy oogmerke, moet die Agentskap strewen om –
- (a) toenemend sy eie inkomste generering en invordering te verhoog; en
 - (b) 'n geïntegreerde ontwikkelingsmodel vir biodiversiteitsbestuur en toerisme handhaaf.

12 Bevoegdheide en pligte van Agentskap met betrekking tot biodiversiteitsbestuur

(1) Die Agentskap is verantwoordelik vir biodiversiteitsbewaring deur die effektiewe bestuur van die beskermde gebiede in ooreenstemming met die toepaslike nasionale en provinsiale omgewingswetgewing.

(2) Die Agentskap, bykomend tot enige ander bevoegdheid of verpligting waarvoor in hierdie Wet of toepaslike nasionale wetgewing voorsiening gemaak is, moet, onder andere -

- (a) die beskermde gebiede beheer, bestuur en onderhou ten einde toesig en beheer van die beskermde gebiede te onderneem en om wilde diere en plantlewe te bestudeer en mag, onderhewig aan die toepaslike omgewingstoestemmings, enige infrastruktuur en ander werke as wat dit nodig ag, bou of oprig ten einde die beskermde gebiede te beheer, bestuur en onderhou;
- (b) inventarisse opstel van natuurlike hulpbronne in die beskermde gebiede en dit evalueer, monitor en beskerm, insluitend natuurlike sisteme, biodiversiteit en ekologiese funksies en prosesse en sodanige navorsing en ander wetenskaplike aktiwiteite onderneem as wat nodig mag wees vir doeleindes van hierdie artikel;
- (c) die nodige stappe neem om die sekuriteit van dier- en plantlewe in die beskermde gebied te verseker;
- (d) die nodige stappe neem om toepaslike ekologiese bestuur van die beskermde gebied te verseker;
- (e) die funksies wat van die bestuursbevoegdheid van 'n beskermde gebied in terme van die toepaslike nasionale wetgewing vereis word, verrig;
- (f) die ontwikkeling van publieke-private-vennootskappe en gemeenskap-publieke-private-vennootskappe as deel van die gesamentlike bestuursprosesse in die beskermde gebiede waar die lewensvatbaarheid van toerisme geleenthede deur die Agentskap vasgestel is, lei en fasiliteer;

- (g) in die beskermde gebiede ondersoek instel en wetstoepassingsaktiwiteite onderneem;
- (h) die getalle en verspreiding van vreemde en indringer spesies en probleem diere in 'n beskermde gebied, bestuur en beheer; en
- (i) aan toepaslike openbare deelnemingsprogramme deelneem om die netwerk van beskermde gebiede uit te brei.

(3) Die Agentskap mag aanbevelings maak aan die LUK met betrekking tot enige aangeleentheid wat betrekking het op 'n beskermde gebied, insluitend grondgebruik en die uitbreiding van 'n beskermde gebied.

(4) Nieteenstaande die bepalings van subartikels (1) en (2), mag die Agentskap, buite 'n beskermde gebied -

- (a) navorsing en ander wetenskaplike aktiwiteite in beskermde gebiede of ander gebiede onderneem om die inventering, evaluering, monitering en navorsing van natuurlike hulpbronne binne die beskermde gebiede soos oorweeg word in subartikel (2)(b), ondersteun;
- (b) met die LUK se toestemming, rentmeester programme ontwikkel en ooreenkomste met grondeienaars en die LUK aangaan
- (c) in toepaslike openbare deelnemingsprogramme deelneem om die stelsel van beskermde gebiede uit te brei in die Provinsie en die gesamentlike bestuur in die gebied aangrensend aan en buite die grense van die beskermde gebiede fasiliteer;
- (d) ondersoek instel en wetstoepassingsaktiwiteite onderneem, indien die aktiwiteite betrekking het op oortredings begaan binne 'n beskermde gebied;
- (e) enige aksie neem wat dit nodig ag ten einde die getalle en verspreiding van vreemde en indringer spesies en probleem-diere wat op 'n beskermde gebied kan impakteer, bestuur en beheer.

(5) Die Agentskap moet, onderhewing aan subartikel (6), voor die uitoefening of verrigting van enige bevoegdheid of funksie waarna in subartikel (4)(a), (b), (c) (d) of

(e) verwys word, die Departement inlig van sy bedoeling om dit te doen en die Departement mag, in oorleg met die Agentskap, deelneem in enige van die aktiwiteite waarna verwys word.

(6) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (5), mag die Agentskap, in 'n noodgeval, die aktiwiteite waarna verwys word in subartikel (4)(d) uitoefen sonder om die Departement van sy bedoeling om dit te doen in te lig, maar moet so gou doenlik die Departement daarvan in kennis stel.

(7) Ten einde die effektiewe uitoefening en nakoming van sy bevoegdhede en verpligtinge soos oorweeg word in hierdie artikel te bewerkstellig, moet die Agentskap, onder andere –

- (a) toepaslike navorsings- en inligtingsbestuur stelsels ontwikkel en onderhou;
- (b) 'n databasis van alle beskermde gebiede en die ligging daarvan in die Provinsie ontwikkel en onderhou;
- (c) fondse van die Oos Kaap Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds wat in artikel 39 oorweeg word, in ooreenstemming met die doelwitte van daardie Fonds toeken.

13 Bevoegdhede en pligte van Agentskap met betrekking tot toerisme

(1) Die Agentskap is verantwoordelik vir die bemarking, bevordering en ontwikkeling van toerisme in die Provinsie en die transformasie van die toerisme industrie.

(2) Die Agentskap, bykomend tot enige ander bevoegdheid of funksie waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word, moet –

- (a) die Provinsie as 'n voorkeur bestemming vir internasionale, streeks- en plaaslike toeriste bemark deur, onder andere –
 - (i) bemarkingsstrategieë wat gemik is daarop om internasionale, streek en plaaslike toerisme te ontwikkel en te implementeer; en
 - (ii) in toerisme-bemarkingsinisiatiewe en strategieë van die Departement of ander staatsorgane deel te neem;

(b) toerisme in die Provinsie bevorder deur, onder andere –

- (i) die toeriste aantreklikhede van die Provinsie, insluitend die toerisme produkte in die beskermde gebiede, op enige wyse wat dit mag goeddunk adverteer of bekend maak;
- (ii) reis of toeriste boeke of gidse, kaarte, plakkate, brosjures en biljette en publikasies van enige aard wat daarop gemik is om bruikbaar te wees vir toeriste in die Provinsie, of andersins gemik op die bereiking van sy oogmerke, hetsy direk of indirek, te produseer, publiseer, druk en verkoop en met of sonder koste versprei;
- (iii) met betrekking tot die toeriste industrie in die Provinsie, rolprente, fotos of ander beeldmateriaal (insluitend video en digitale materiaal) te produseer en versprei, met of sonder koste, en deur uitstallings, uitsendings, televisie uitsendings, praatjies en openbare lesings te borg, reël of organsieer;

(c) toerisme in die Provinsie ontwikkel deur, onder andere –

- (i) toerisme ontwikkelingsgeleenthede te identifiseer en toepaslike inisiatiewe en programme te implementeer om dit te ontgin;
- (ii) effektiewe maatreels implementeer om die bevordering van die vlak van standarde van toerisme produkte en dienste wat in die Provinsie aangebied word, te fasiliteer;
- (iii) toerisme opleidingsbehoefte te identifiseer en toerisme opleidingsinisiatiewe te fasiliteer;
- (iv) bystand te verleen met en deel te neem in die ontwikkeling en implementering van 'n nasionalen stelsel van standarde, klassifikasie en gradering vir toeriste akkommodasie, instansies, produkte en dienste;
- (v) beleggingsgeleenthede en potensiële beleggingsgeleenthede in toerisme in die Oos Kaap, in samewerking met staatsorgane of

instansies verantwoordelik vir beleggings of bellegingsbevordering in die Provinsie, te identifiseer; en

- (d) die transformasie van die toerisme industrie te fasiliteer deur die sporing van die huidige voorsieningsketting prosesse van die staatsdepartemente van die Provinsie in die verkryging van akkommodasie, instansies, produkte en dienste in die Provinsie, te fasiliteer.

(3) Ten einde die bevoegdhede en verpligtinge soos oorweeg word in hierdie artikel effektief uit te oefen en na te kom, moet die Agentskap, onder andere –

- (a) ten einde toerisme aktiwiteite na te volg en om die ekonomiese bydrae daarvan in die Provinsie te bepaal, toepaslike navorsings- en inligting bestuurstelsels ontwikkel en onderhou;
- (b) 'n databasis van alle toerisme aantreklikhede, geriewee, infrastruktuur, dienste, natuurlike en kultuur aantreklikhede en waar hulle in die Provinsie voorkom, ontwikkel en onderhou;
- (c) as sekretariaat vir die Provinsiale Registrateur vir Toeriste Gidse wie deur die LUK aangestel word ingevolge artikel 21 van die Wet op Toerisme, 1993 en aan die Agentskap gesekondeer is ingevolge hierdie Wet, dien;
- (d) enige toeriste gerief en persoon wat 'n toeriste diens aanbied of bedryf soos oorweeg word in Hoofstuk 6, registreer; en
- (e) fondse van die Oos Kaap Toerisme Ontwikkelingsfonds soos oorweeg word in artikel 38, in ooreenstemming met die doelwitte van daardie Fonds, toeken.

14 Bevoegdhede en pligte van Agentskap met betrekking tot administrasie van Agentskap

Die Raad mag-

- (a) na oorleg met die LUK, die diensstaat van die Agentskap bepaal, insluitende die sekretariaat van die Provinsiale Registrateur van Toeriste Gidse wat in artikel 21 van die Toerisme Wet, 1993 beoog word, en die

uitvoerende bestuur en ander werknemers soos oorweeg word in artikel 28, aanstel;

- (b) by wyse van ooreenkoms, die dienste van enige persoon, insluitend enige orgaan van die staat, aanstel vir die verrigting van enige spesifieke handeling, taak of opdrag;
- (c) enige reg in of met betrekking tot 'n roerende of onroerende bate verkry of vervreem, of enige eiendom huur of verhuur;
- (d) 'n bank rekening opmaak en bedryf;
- (e) enige fondse van die Agentskap belê;
- (f) onderhewig aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, geld leen;
- (g) fooie hef vir enige werk verrig of dienste gelewer of tantième as gevolg van enige uitvindings, of rekenaar programme;
- (h) versekering uitneem teen-
 - (i) enige verlies, skade of risiko; of
 - (ii) enige aanspreeklikheid wat dit mag opdoen in die toepassing van hierdie Wet;
- (i) lede van die Raad en personeel lede verseker ten opsigte van liggaamlike besering, ongeschiktheid of dood slegs en direk voortspruitend uit 'n ongeluk wat plaasvind in die loop van die verrigting van hulle verpligtinge; en
- (j) regshandelinge verrig, insluitend handelinge wat verband hou met of ten behoeve van enige ander persoon of staatsorgaan.

Hoofstuk 4

Algemene Bestuur van Agentskap

15 Rol van Raad

- (1) Die Agentskap word bestuur deur 'n Raad wat -

- (a) strategiese leiding vir die Agentskap gee;
- (b) verantwoordelik is vir die prestasie van die Agentskap;
- (c) teenoor die LUK verantwoordelik is vir die prestasie van die Agentskap; en
- (d) ondersteun word deur 'n hoof uitvoerende beampte, ander uitvoerende bestuurders en ander werknemers.

(2) Die Agentskap kommunikeer met die LUK deur die voorsittende beampte van die Raad.

16 Samestelling van Raad

(1) Die Raad bestaan uit nie minder as sewe en nie meer as nege lede nie aangestel deur die LUK van nominasies wat ontvang word soos oorweeg word in artikel 17.

(2) Die volgende belangegroepe moet verteenwoordig word op die Raad:

- (a) Die Departement;
- (b) die toerisme industrie;
- (c) biodiversiteits- en bewaringsbestuur;
- (d) die besigheidsgemeenskap;
- (e) finansiële bestuur;
- (f) bemarkingsbestuur; en
- (g) die publiek.

(3) Die Raad moet in breë verteenwoordigend van die bevolkingsamestelling van die Provinsie wees.

17 Nominasie prosedure

(1) Die Departement moet, ten minste 90 dae voor die verstryking van elke ampstermyn van die lede van die Raad, aansoeke of nominasies versoek vir persone om aangestel te word vir die daaropvolgende ampstermyn van die Raad by wyse van kennisgewing in die *Gazette* en die plasing van 'n advertensie in 'n

toonaangewende koerant in die Provinsie ten einde die belangegroepe in artikel 16(2) bedoel, te verteenwoordig.

(2) Die uitnodiging vir aansoeke en nominasies waarna verwys word in subartikel (1) moet voorsiening maak vir aansoeke en nominasies om ingedien te word binne 30 dae van die datum van die uitnodiging of die datum van publikasie van die kennisgewing.

(3) Enige aansoek of nominasie wat gemaak word na aanleiding van 'n kennisgewing of advertensie ingevolge subartikel (1) moet vergesel word van -

- (a) die persoonlike inligting van die aansoeker of die genomineerde persoon;
- (b) besonderhede van die aansoeker of die genomineerde persoon se kwalifikasies of ondervinding in die aangeleenthede wat in artikel 16(2) gelys is;
- (c) in die geval van 'n nominasie, 'n brief van aanvaarding van die nominasie deur die genomineerde persoon;
- (d) 'n geswore verklaring deur die aansoeker of die genomineerde persoon dat hy of sy nie onbevoeg is nie ingevolge artikel 10; en
- (e) toestemming deur die aansoeker of die genomineerde persoon dat die inligting wat deur hom of haar verskaf is geverifieer mag word.

(4) Die Departement moet, binne 30 dae na die verstrykingsdatum in die kennisgewing of advertensie vermeld, die aansoeke en nominasies wat ontvang is evalueer en 'n verslag voorlê aan die LUK wat 'n opsomming bevat van die proses wat gevolg is in die uitnodiging en evaluering van aansoeke en nominasies wat ontvang is, 'n lys van alle aansoeke en nominasies ontvang en aanbevelings met betrekking tot geskikte kandidate vir aanstelling op die Raad.

(5) Wanneer die Departement die aansoeke en nominasies evalueer moet dit die volgende in ag neem—

- (a) die aansoeker of genomineerde persoon se kennis en ondervinding van die belangegroep wat hy of sy gaan verteenwoordig indien aangestel word; en

(b) die Agentskap se oogmerke.

(6) Die LUK moet, so gou doenlik na ontvangs van die verslag in subartikel (4) bedoel, die aanbevelings wat gemaak is evalueer en die lede van die Raad vir die daaropvolgende ampstermyn aanstel.

(7) Wanneer die LUK persone selekteer vir aanstelling moet die LUK -

(a) ag slaan op die behoefte om persone aan te stel wat benadeel is deur ongeregverdigde diskriminasie;

(b) ag slaan op die geografiese verspreiding in die Provinsie; en

(c) verseker dat die Raad saamgestel is uit persone wat 'n wye verskeidenheid van toepaslike ondervinding en kennis het.

(8) Indien geen, onvoldoende of ongeskikte aansoeke of nominasies binne die tydperk in die kennisgewing of advertensie vermeld ontvang word, moet die Departement die LUK daarvan inlig in die verslag in subartikel (4) bedoel, en die LUK mag, na oorleg met die Raad, die vereiste getal persone aanstel, wie, as dit nie was vir die feit dat daardie persone nie aansoek gedoen het of genomineer is nie ingevolge die prosedure wat in hierdie artikel bedoel word, kwalifiseer om aangestel te word in terme van hierdie Wet.

(9) Die LUK moet, sou gou doenlik na die aanstelling van die lede van die Raad, by wyse van kennisgewing in die *Gazette* die volgende publiseer -

(a) die naam van elke persoon aangestel;

(b) die datum van wanneer die aanstelling van krag word; en

(c) die ampstermyn waarna verwys word in artikel 23.

18 Onbevoegdheid om aangestel te word as lid van Raad

'n Persoon is onbevoeg om as 'n lid van die Raad aangestel te word of te dien indien daardie persoon-

(a) 'n Lid van die Nasionale Vergadering of Nasionale Raad van Provinsies, enige provinsiale wetgewer of munisipaliteit is of word of voltyds in diens is

- van 'n orgaan van die staat, met die uitsluiting van die verteenwoordiger van die Departement in artikel 16(2)(a) bedoel;
- (b) nie 'n Suid Afrikaanse burger is nie of nie permanente verblyf het nie en wie normaalweg in die Republiek woonagtig is;
- (c) onderhewig is of word aan 'n finale bevel van die hof in terme waarvan sy of haar boedel geskwestreer is kragtens die Insolvensie Wet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), of indien sy of haar boedel geskwestreer is in terme van die wette van enige ander land of gebied deur 'n bevoegde hof of Agentskap van sodanige land of gebied, of indien hy of sy van sy of haar boedel tot voordeel van sy krediteure afstand gedoen het;
- (d) aangehou is of deur die Hoë Hof kragtens die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No. 18 van 1973) as geestesongesteld verklaar is;
- (e) in die Republiek of elders, aan diefstal, bedrog, vervalsing of uitreiking van 'n vervalste dokument, meened, of enige oortreding waarvan oneerlikheid 'n element is of van enige oortreding in terme van die Wet op Voorkoming van Korruptsie, 1958 (Wet No. 6 van 1958), die Wet op Korruptsie, 1992 (Wet No. 94 van 1992), Deel 1 van 4, of artikel 17, 20 of 21 (in so verre dit betrekking het op die voormelde oortredings) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede Wet, 2004 (Wet No. 12 van 2004), of die Maatskappye Wet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), of van die oortreding van hierdie Wet, ongeag of sodanige gevangenisstraf ten volle of gedeeltelik opgeskort is, skuldig bevind is;
- (f) aan 'n oortreding, anders as 'n oortreding in paragraaf (e) bedoel en met gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete vir 'n tydperk van nie minder as drie maande, ongeag of sodanige gevangenisstraf ten volle of gedeeltelik opgeskort is, skuldig bevind is;
- (g) sonder toestemming inligting wat verkry word as gevolg van sy of haar lidmaatskap van die Raad openbaar of onbehoorlik daarmee handel; of
- (h) versuim om 'n belang in artikel 22(1) bedoel te openbaar.

19 Bedanking van lid en ontruiming van amp

(1) 'n Lid van die Raad mag ter enige tyd van die Raad bedank met een maand se skriftelike kennisgewing aan die voorsittende beampte wie onmiddelik die LUK, Raad en die hoof uitvoerende beampte dienoooreenkomstig in kennis moet stel.

(2) 'n Lid van die Raad wie bedank soos in subartikel (1) bedoel moet sy of haar amp ontruim aan die einde van die kennisgewing tydperk hierin bedoel.

(3) 'n Lid van die Raad hou op om 'n lid te wees en moet sy of haar amp ontruim met onmiddelike gevolg indien hy of sy-

(a) nie meer bevoeg is ingevolge artikel 18 om 'n lid te wees nie; of

(b) deur die LUK in terme van artikel 20 uit sy amp verwyder word.

20 Verwydering van lid van Raad, ontbinding van Raad en aanstelling van tussentydse Raad

(1) Die LUK mag, na behoorlike ondersoek, of op aanbeveling van die Raad na behoorlike ondersoek, met onmiddelike gevolg 'n lid van die Raad uit sy of haar amp verwyder as gevolg van enige of alle van die volgende:

(a) Wangedrag;

(b) onvermoë om die verpligtinge van sy of haar amp doeltreffend na te kom;

(c) afwesigheid van drie opeenvolgende vergaderings van die Raad sonder die toestemming van die Raad, behalwe met bewys van goeie rede; en

(d) versuim om 'n belang in terme van artikel 22 te openbaar of om te stem op of bywoning van of deelname in, verrigtinge van die Raad terwyl hy of sy sodanige belang in artikel 22 bedoel, het.

(2) Die LUK mag, na behoorlike ondersoek, die Raad met onmiddelike gevolg ontbind, indien dit versuim in enige of alle van die volgende:

(a) Nakoming van sy fidusiëre verpligtinge;

(b) bereiking van sy doelwitte in terme van hierdie Wet; en

(c) uitvoering van sy verpligtinge soos in Hoofstuk 3 bedoel.

(3) Na die ontbinding van die Raad in subartikel (2) bedoel, moet die LUK 'n tussentydse Raad aanstel wat bestaan uit tussen vyf en sewe lede en hy of sy hoef nie die aansoek, nominasie en aanstellingsprosedure in artikel 17 bedoel te volg nie.

(4) Die LUK moet die tussentydse Raad binne 30 dae na die ontbinding van die Raad aanstel en die ampstermyn van die tussentydse Raad is 'n tydperk wat nie ses maande oorskrei nie.

(5) Die LUK moet die voorsittende Beamppte en onder-voorsittende Beamppte van die tussentydse Raad aanstel.

(6) Die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot die Raad is van toepassing op die tussentydse Raad.

21 Aanstelling van lid in vakante amp

(1) Wanneer 'n amp op die Raad vakant word as gevolg van enige handeling in artikel 19 bedoel, of indien 'n lid van die Raad oorlede is voor die vestyking van sy of haar ampstermyn, moet die Raad, so gou doenlik nadat die amp vakant word die LUK in kennis stel dat die amp vakant geword het;

(2) Die LUK moet, so gou doenlik na die ontvangs van die inligting van die Raad -

(a) op 'n oop en deursigtige wyse, die belangegroep wat deur daardie lid verteenwoordig was versoek om nominasies te verskaf vir 'n verteenwoordiger of aansoeke versoek vir 'n persoon om in die vakante amp aangestel te word;

(b) die aansoeke en nominasies ontvang evalueer; en

(c) 'n genomineerde persoon of aansoeker in die vakante amp aanstel.

(3) Indien geen, onvoldoende of ongeskikte aansoeke of nominasies bedoel word in subartikel (1)(b) ontvang word, en die LUK mag, na oorleg met die Raad, 'n persoon op die Raad aanstel wie, as dit nie was vir die feit dat daardie persoon nie aansoek gedoen het of genomineer is nie ingevolge die prosedure wat in hierdie artikel bedoel word, kwalifiseer om aangestel te word in terme van hierdie Wet.

(4) Die LUK moet, sou gou doenlik na die aanstelling van die lid van die Raad, by wyse van kennisgewing in die *Gazette* die volgende publiseer -

- (a) die naam van die persoon aangestel;
- (b) die datum van wanneer die aanstelling van krag word; en
- (c) die ampstermyn waarna verwys word in artikel 23.

(5) Die persoon wie aangestel is tot die vakante amp op die Raad vul die vakante amp vir die gedeelte van die tydperk wat die lid wie se amp vakant geword het aangestel was en wat nie verstryk het nie.

22 Openbaarmaking van belang

(1) 'n Persoon mag nie op die Raad aangestel word nie, tensy sodanige persoon die nodige openbaarmaking gemaak het dat -

- (a) direk of indirek, persoonlik of deur sy of haar eggenote, vennoot of assosiaat, dat hy of sy 'n direkte of indirekte finansiële belang in die toerisme of biodiversiteitsbestuur industrie het; of
- (b) sy of haar eggenote, vennoot of assosiaat, 'n amp beklee in of 'n werknemer is van enige maatskappy, organisasie of ander persoon, ongeag of dit 'n individu of regspersoon is, wat 'n direkte of indirekte finansiële belang het van die aard wat in paragraaf (a) bedoel word.

(2) Indien dit, te enige tyd gedurende die verrigtinge van die Raad, voorkom dat 'n Raadslid enige belang het of kan hê wat 'n konflik van belang teweeg kan bring tussen hom of haar of sy of haar belang en die Agentskap en sy belange-

- (a) moet daardie Raadslid dadelik die aard van sy of haar belang openbaar en die vergadering verlaat ten einde die oorblywende Raadslede in staat te stel om die aangeleentheid te bespreek en te besluit of daardie Raadslid verhoed word van deelname in daardie vergadering as gevolg van 'n konflik van belang; en
- (b) die openbaarmaking van 'n belang deur daardie Raadslid en die besluit wat deur die oorblywende Raadslede met betrekking tot die

aangeleentheid geneem word, moet ingesluit word in die notule van die vergadering.

(3) Indien enige Raadslid versuim om enige belang te openbaar soos vereis word deur subartikel (2) of, onderhewig aan die bepalinge van daardie subartikel, indien hy of sy teenwoordig is by die vergaderplek waar 'n vergadering van die Raad gehou word of op enige wyse deelneem in die verrigtinge van die Raad, is die relevante verrigtinge van die Raad nietig.

23 Voorsittende beampte en onder-voorsittende beampte

(1) Die LUK moet 'n voorsittende beampte en 'n onder-voorsittende beampte vir elke nuut saamgestelde Raad aanstel.

(2) Die onder-voorsittende beampte moet, indien die voorsittende beampte vir enige rede nie in staat is om voor te sit nie, waarneem as voorsittende beampte en moet al die funksies van die voorsittende beampte verrig en mag al die bevoegdhede van die voorsittende beampte uitoefen.

(3) Indien beide die voorsittende beampte en die onder-voorsittende beampte vir enige rede nie in staat is om tydens 'n Raadsvergadering voor te sit nie, moet die lede wat teenwoordig is een van die lede verkies om by daardie vergadering voor te sit en die persoon wat verkies is mag al die funksies en al die bevoegdhede van die voorsittende beampte verrig en uitoefen.

(4) 'n Voorsittende beampte of onder-voorsittende beampte mag sy amp ontruim en sodanige ontruiming beëndig nie sy of haar lidmaatskap van die Raad nie en indien die voorsittende beampte of onder-voorsittende beampte die setel ontruim het, moet die LUK 'n voorsittende beampte of onder-voorsittende beampte aanstel vanuit die geledere van die Raadslede vir die oorblywende ampstermyn van die Raad.

24 Ampstermyn

(1) 'n Raadslid beklee die pos vir 'n tydperk van drie jaar, bereken vanaf die datum vandat hulle aanstelling van krag word en 'n Raadslid mag aangestel word vir een addisionele ampstermyn wat nie drie jaar oorskrei nie.

(2) Ongeag subartikel (1), mag die LUK, by wyse van kennisgewing in die *Gazette*, na oorleg met die Raad, die ampstermyn van die Raad vir 'n tydperk van ses maande verleng, maar hy of sy mag slegs die ampstermyn van die Raad twee keer verleng.

(3) Ongeag die duur van die ampstermyn in subartikel (1) bedoel, moet Raadslede in hulle pos voortgaan tot tyd en wyl die daaropvolgende Raad behoorlik deur die LUK saamgestel is.

25 Vergaderings van Raad

(1) Die LUK moet, so gou doenlik na die aanstelling van die Raadslede vir die eerste ampstermyn, die tyd en plek van sy eerste vergadering bepaal.

(2) Die Raad moet die tyd en plek van enige toekomstige vergaderings vir die eerste en daaropvolgende ampstermyne van die Raad bepaal.

(3) Die Raad vergader so gereeld soos wat omstandighede vereis, maar ten minste vier keer in elke finansiële jaar.

(4) 'n Meerderheid van Raadslede is 'n kworum by 'n vergadering.

(5) Elke Raadslid, insluitende die voorsittende beampte, het een stem en in die geval van 'n staking van stemme, het die voorsittende beampte van die vergadering het 'n beslissende stem bykomend tot sy of haar normale stem.

(6) Onderhewig aan die goedkeuring van die Raad, mag enige persoon wie nie 'n Raadslid is nie dit bywoon of daaraan deelneem, maar mag nie in 'n vergadering van die Raad stem nie.

(7) Die Raad moet beheerreëls aanneem wat voorsiening maak vir die prosedure van verrigtinge by vergaderings en ter rekord plasing van die verrigtinge insluitende die beheerreëls vir spesiale vergaderings.

26 Besluite van Raad

(1) 'n Besluit van die meerderheid van Raadslede wat teenwoordig is by enige behoorlike gekonstitueerde vergadering is 'n besluit van die Raad.

(2) Geen besluit wat geneem word deur of handeling wat verrig word kragtens die goedkeuring van die Raad is ongeldig bloot as gevolg van -

- (a) 'n vakante amp op die Raad ten tye wat die besluit geneem is of die handeling goedgekeur is nie; of
- (b) die feit dat enige persoon wie nie geregtig was om te sit as 'n Raadslid nie, deelgeneem het aan die vergadering ten tye wat die besluit geneem is of die handeling goedgekeur is, indien die lede wie teenwoordig was, die vereiste prosedure vir besluite gevolg het.

27 Verpligtinge van Raad

(1) Die Raad moet, addisioneel tot sy die verpligtinge en verantwoordelikhede as rekenpligtige gesag van die Agentskap soos bedoel in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 -

- (a) voorsiening maak vir effektiewe, deursigtige en verantwoordbare korporatiewe beheer en effektiewe oorsig van die sake van die Agentskap handhaaf, deur beheerreëls aan ten neem in ooreenstemming met subartikel (2);
- (b) alle toepaslike wetgewing en ooreenkomste nakom; en
- (c) ten alle tye handel in ooreenstemming met die gedragskode vir Raadslede wat deur die LUK voorgeskryf word.

(2) Die Raad moet beheerreëls aanneem wat in hoofsaak voldoen aan die beginsels van goeie bestuur van openbare instellings en wat vir ten minste die volgende voorsiening maak:

- (a) Die rol en vergaderings van die Raad;
- (b) die rol van die voorsittende beampte van die Raad;
- (c) prestasie evaluering van Raadslede;
- (d) die rol van die hoof uitvoerende beampte en ander uitvoerende bestuurders van die Agentskap;

- (e) prestasie evaluering van die hoof uitvoerende beampte en ander uitvoerende bestuurders van die Agentskap;
- (f) die samestelling en prosedures vir en prosedure van vergaderings van komitees van die Raad;
- (g) die finansiële bestuur van die Agentskap soos bedoel in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999;
- (h) 'n verkrygingsbeleid; en
- (i) 'n vergoedingsbeleid vir werknemers van die Agentskap, ontwikkel in oorleg met die LUK en die LUK verantwoordelik vir finansies in die Provinsie.

28 Uitvoerende bestuur en werknemers

(1) Die Raad moet –

- (a) 'n hoof uitvoerende beampte aanstel;
- (b) die ampstermyn van die hoof uitvoerende beampte bepaal; en
- (c) die diensvoorwaardes van die hoof uitvoerende beampte bepaal.

(2) Die hoof uitvoerende beampte moet 'n prestasie ooreenkoms met die Raad aangaan by aanvaarding van sy of haar aanstelling en hy of sy is verantwoordelik teenoor die Raad.

(3) Die hoof uitvoerende beampte is verantwoordelik vir die bedryf van die Agentskap om te verseker dat die Agentskap effektief en doeltreffend bestuur word en in ooreenstemming met die strategiese besluite van die Raad en die implementering daarvan deur die uitvoerende komitee.

(4) Die Agentskap moet die diensvoorwaardes vir sy werknemers bepaal, insluitende die vergoeding wat in ooreenstemming met die vergoedingsbeleid in artikel 27(2)(i) bedoel .

(5) Die hoof uitvoerende beampte mag, onderhewig aan die algemene of spesiale opdragte van die Raad (indien enige), werknemers vir die Agentskap aan te

stel om die werk wat nodig is vir die bereiking van die oogmerke van die Agentskap te verrig.

(6) Die hoof uitvoerende beamppte mag enige oorspronklike of gedelegeerde verpligting of bevoegdheid aan enige werknemer wat in terme van subartikel (5) aangestel is, in ooreenstemming met artikel 31(1)(c) delegeer.

29 Komitees

(1) Die Raad mag, onderhewig aan subartikel (2), enige komitee instel om bystand te verleen in die verrigting van sy funksies en lede vir daardie komitee aanstel, en die Raad mag ter enige tyd enige sodanige komitee ontbind of hersaamstel.

(2) Die Raad moet, ten minste, die volgende permanente komitees instel:

- (a) 'n uitvoerende komitee;
- (b) 'n audit komitee;
- (c) 'n vergoedingskomitee; en
- (d) 'n disziplinêre komitee.

(3) Die Raad moet, onderhewig aan enige toepaslike wetgewing, die aantal lede en die opdrag van elke komitee bepaal.

(4) Die Raad mag die lidmaatskap van 'n lid van 'n komitee summier beëindig indien -

- (a) die verrigting deur die lid van die bevoegdhede en funksies van daardie komitee onvoldoende is;
- (b) die lid, of deur siekte of vir enige ander rede, nie in staat is om die funksies van die komitee doeltreffend te verrig nie; of
- (c) die lid versuim het om enige wetgewing wat gedrag van lede voorskryf na te kom of oortree het.

(5) Indien hierdie Wet of die Raad nie 'n voorsittende beamppte vir 'n komitee aanwys nie, mag die komitee 'n voorsittende beamppte vanuit hulle geledere verkies.

30 Uitvoerende komitee

(1) Die uitvoerende komitee wat kragtens artikel 29 ingestel word bestaan uit die voorsittende beampte van die Raad en wie as die voorsittende beampte van die uitvoerende komitee optree, die hoof uitvoerende beampte, enige toepaslike uitvoerende bestuurder en die regsadviseur van die Agentskap.

(2) Die oogmerk van die uitvoerende komitee is om die dag-tot-dag aktiwiteite van die Agentskap te bestuur om te verseker dat die strategiese besluite van die Raad effektief en tydig geïmplementeer word en dat die Agentskap die bepalings van hierdie Wet, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 en enige ander toepaslike wet nakom.

31 Delegasies deur Raad

(1) Die Raad moet 'n stelsel van delegasie ontwikkel ten einde administratiewe en operasionele doeltreffendheid te bevorder en voorsiening maak vir voldoende wigte en teenwigte, en, die Raad mag, in ooreenstemming met daardie stelsel -

(a) die toepaslike bevoegdhede, uitsluitend die bevoegdheid om 'n komitee in te stel, beheerreëls vir 'n komitee voor te skryf en fondse toe te ken, skriftelik aan 'n komitee, die hoof uitvoerende beampte, 'n Raadslid of 'n werknemer van die Agentskap deleger;

(b) die verrigting van enige van sy funksies aan 'n komitee, die hoof uitvoerende beampte, 'n Raadslid of 'n werknemer van die Agentskap toeken; en

(c) die delegasie en toekenning van enige van die bevoegdhede of funksies wat aan die hoof uitvoerende beampte gedelegeer of toegeken is deur die Raad of aan hom of haar toegeken is kragtens hierdie Wet, en wat aan enige werknemer van die Agentskap gedelegeer is, goedkeur.

(2) 'n Delegasie of toekenning in terme van subartikel (1) -

(a) is aan sodanige beperkings en voorwaardes wat die Raad mag opleë onderhewig;

(b) mag subdelegasie goedkeur; en

- (c) ontnem nie die Raad of hoof uitvoerende beampte in die geval van 'n delegasie of toekenning in terme van subartikel (1)(c) van die gedelegeerde bevoegdheid of die verrigting van die verpligting wat toegeken is.

(3) Die Raad mag enige besluit wat deur 'n komitee, die hoof uitvoerende beampte, 'n Raadslid of 'n werknemer van die Agentskap geneem is as gevolg van 'n delegasie of toekenning in terme van subartikel (1), bevestig, wysig of terugtrek.

Hoofstuk 5

Finansiële Aangeleenthede en verslagdoening

32 Finansiële jaar

Die finansiële jaar van die Agentskap is van 1 April tot 31 Maart.

33 Inkomste van Agentskap

Die inkomste van die Agentskap bestaan uit -

- (a) fooie, heffings en ander gelde ontvang of gehef deur die Agentskap kragtens die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet;
- (b) inkomste verkry deur die verrigting van sy funksies;
- (c) geld wat deur die Wetgewer toegeken word;
- (d) toekennings van staatsorgane ontvang;
- (e) vrywillige bydraes, donasies en bewilligings deur die Agentskap ontvang;
- (f) geld wat in terme van hierdie Wet geleen word;
- (g) inkomste wat uit beleggings verkry word;
- (h) strawwe, boetes en die opbrengs van verkope van verbeurdverklaarde items wat die Agentskap kragtens die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet ontvang of herwin en toegeken word; en
- (i) geld wat die Agentskap uit enige ander bron toeval.

34 Jaarlikse begroting van Agentskap

(1) Die Agentskap moet, nie later as 30 September van elke finansiële jaar of enige ander tydperk tussen die die LUK en die Agentskap ooreengekom, deur die HVD, 'n begroting van die verwagte inkomste en uitgawe vir die volgendefinansiële jaar aan die LUK voorlê vir sy of haar goedkeuring, soos in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, bepaal word.

(2) Die Agentskap mag nie vir 'n tekort begroot nie en mag nie oorskotte akkumuleer sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Nasionale tesourie nie.

(3) Die Raad is verantwoordelik om te verseker dat die uitgawes van die Agentskap in ooreenstemming die goedgekeurde begroting is.

35 Inhoud van strategiese plan

(1) Die Agentskap moet, nie later as 30 September van elke finansiële jaar, of enige ander tydperk tussen die LUK en die Agentskap ooreengekom deur die HVK 'n strategiese plan aan die LUK vir sy of haar goedkeuring voorlê, soos bepaal in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.

(2) Die strategiese plan moet –

(a) n tydperk van drie jaar dek;

(b) jaarliks op 'n deurlopende basis opgedateer word; en

(c) die grondslag van die jaarlikse verslae van die Agentskap vorm.

(3) Bykomend tot die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, en enige doelwitte en resultate wat die LUK mag bepaal, moet die strategiese plan van die Agentskap voorsiening maak vir die wyse waarop die Agentskap beplan om gevolg te gee aan sy doelstellings soos in artikel 11 omskryf, insluitende 'n inter-regeringskoördineringsstrategie en 'n eie inkomste genereringstrategie en voorlopige aksie planne.

(4) Die LUK en die Agentskap moet bepaal wat aanvaarbare vlakke van wesenlikheid en betekenisvolheid daarstel ten opsigte van sake wat in die Agentskap se jaarverslag en finansiële state opgeneem moet word ingevolge artikels 54(2) en 55(2) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999.

36 Voorbereiding en voorlegging van jaarverslag en finansiële state

(1) Die Raad is die rekenpligtige gesag vir die Agentskap en moet die jaarverslag en finansiële state van die Agentskap ingevolge artikel 55 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 voorberei en dit, tesame met die ouditeur se verslag op die finansiële state, aan die Oos Kaapse tesourie, die LUK en, indien die Ouditeur-Generaal dit nie geouditeer het nie, die Ouditeur-Generaal, voorlê

(2) Die Raad moet, vir doeleindes van artikel 55(3) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, die jaarverslag en finansiële state deur die HVD aan die LUK voorlê vir ter tafellegging in die Wetgewer.

(3) Die LUK moet, binne 20 dae na ontvangs, die jaarverslag en finansiële state van die Agentskap, in die Wetgewer ter tafel lê indien die Wetgewer in sitting is, of indien die Wetgewer nie in sitting is nie, binne 14 dae na die aanvang van die daaropvolgende sitting.

37 Kwartaalverslag

(1) Die Raad moet, in streng nakoming van die tersaaklike bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, en die Tesourie Regulasies ingevolge daardie Wet uitgevaardig, 'n kwartaalverslag aan die LUK voorlê.

(2) Elke kwartaalverslag van die Agentskap moet met die stand van die sake, aktiwiteite, bedryf, en finansiële posisie van die Agentskap, insluitende-

- (a) die mate waartoe die Agentskap gedurende die betrokke finansiële kwartaal sy doelstellings bereik of bevorder het;
- (b) die relevante inligting met betrekking tot prestasie in die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe benutting van hulpbronne;
- (c) die bedrag geld, indien enige, van die staat of enige ander bron ontvang en enige ander finansiële verpligting van die Agentskap; en
- (d) die volledige diensstaat en samestelling van die Agentskap.

(3) Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1), mag die LUK, ter enige tyd, die Raad versoek om binne 'n tydperk deyr hom of haar bepaal 'n tussentydse verslag aan hom of haar voor te lê, wat betrekking het op die stand van sake,

aktiwiteite, bedryf, en finansiële posisie van die Agentskap of met betrekking tot enige spesifieke aangeleentheid deur die LUK geïdentifiseer.

(4) Die Raad moet 'n prosedure daarstel vir kwartaallikse verslagdoening aan die LUK ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 en hierdie Hoofstuk, ten einde effektiewe prestasie monitering, evaluering en regstellende stappe te fasiliteer.

38 Instelling van Oos Kaapse Toerisme Ontwikkelingsfonds

(1) Die Oos Kaapse Toerisme Ontwikkelingsfonds word hierby ingestel as 'n rekening in die provinsiale Tesourie.

(2) Die oogmerk van die Oos Kaapse Toerisme Ontwikkelingsfonds is om voorheen benadeelde individue, jeug en vroue in die toerisme sektor te bemagtig en ontwikkel.

(3) Die Agentskap moet, in oorleg met die LUK, 'n implementeringsplan vir die operasionalisering van die Oos Kaapse Toerisme Ontwikkelingsfonds ontwikkel.

(4) Die Oos Kaapse Toerisme Ontwikkelingsfonds mag bestaan uit –

- (a) 'n persentasie van toepaslike Agentskapsfondse, toegeken deur die Wetgewer;
- (b) enige skenking of bewilliging wat vir 'n spesifieke toerisme-ontwikkelingsaktiwiteit gemaak word;
- (c) 'n provinsiale toerisme ontwikkelingsheffing in artikel 41 bedoel; en
- (d) enige ander befondsingsmeganisme wat deur die Agentskap geïdentifiseer is en deur die LUK goedgekeur word voor die benutting van daardie befondsingsmeganisme deur die Agentskap.

(5) Enige gelde, bates of beleggings in die Oos Kaapse Toerisme Ontwikkelingsfonds aan die einde van 'n finansiële jaar moet in die Oos Kaapse Toerisme Ontwikkelingsfonds na die daaropvolgende finansiële jaar oorgedra word.

39 Instelling van Oos Kaapse Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds

(1) Die Agentskap moet 'n fonds vir die bewaring en ontwikkeling van biodiversiteit instel en die fonds word die Oos Kaapse Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds genoem.

(2) Die oogmerk van die Oos Kaapse Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds is die bevordering van natuurlike hulpbron beskermingsaktiwiteite binne die beskermde gebiede.

(3) Die Agentskap moet, in oorleg met die LUK, 'n implementeringsplan vir die operasionalisering van die Oos Kaapse Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds ontwikkel.

(4) Die Oos Kaapse Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds mag bestaan uit –

- (a) 'n persentasie van toepaslike Agentskapsfondse toegeken deur die Wetgewer;
- (b) enige donasie of erflating wat vir 'n spesifieke natuurlike hulpbron beskermingsaktiwiteit gemaak word; en
- (c) enige ander befondsingsmeganisme wat deur die Agentskap geïdentifiseer word en deur die LUK goedgekeur word voor die benutting van daardie befondsingsmeganisme deur die Agentskap, insluitend die heffing van toegangsgelde, boetes en bates verbeurdverklaar as gevolg van 'n oortreding wat in 'n beskermde gebied begaan word.

(5) Enige gelde, bates of beleggings in die Oos Kaapse Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds aan die einde van 'n finansiële jaar moet in die Oos Kaapse Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds na die daaropvolgende finansiële jaar oorgedra word.

40 Benutting van die Oos Kaapse Toerisme Ontwikkelingsfonds en die Oos Kaapse Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds

(1) Die provinsiale Tesourie administreer die geld, bates en beleggings in beide die Oos Kaapse Toerisme Ontwikkelingsfonds en die Oos Kaapse

Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds en moet die fondse, in ooreenstemming met die implementeringsplanne waarna in artikels 38(2) en 39(2) verwys word en die ontwikkelingsdoelwitte van die Agentskap, toeken.

(2) Die Oos Kaapse Toerisme Ontwikkelingsfonds en die Oos Kaapse Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds mag gebruik word -

- (a) vir die ontwikkeling en opleiding van klein-, medium en mikro ondernemings en voorheen benadeelde individue en gemeenskappe, jeug en vroue in toerisme en biodiversiteitsbewaring;
- (b) om enige navorsing in toerisme in die Provinsie te onderneem of bevorder;
- (c) om enige navorsing in biodiversiteitsbewaring of enige aangeleentheid wat vir biodiversiteitsbewaring in 'n beskermde gebied van wesenlike belang is te onderneem of bevorder;
- (d) om aan enige persoon of liggaam wat die navorsing doen waarna verwys word in paragraaf (b) of (c), in die Provinsie of elders, finansiële bystand te verleen;
- (e) om die opvoeding en opleiding van -
 - (i) enige persoon; en
 - (ii) werknemers van die Agentskap, hetsy deur toekennings, studieleninge en beurse,aan te wakker;
- (f) om 'n bewustheid van die belangrikheid van biodiversiteitsbewaring in die Provinsie aan te wakker.

(2) Alle gelde, bates of beleggings in die Oos Kaapse Toerisme Ontwikkelingsfonds en die Oos Kaapse Biodiversiteitsbewaring en Ontwikkelingsfonds, wat by wyse van enige donasie of erflating toegeken word moet in ooreenstemming met die voorwaardes, indien enige, van sodanige donasie of erflating gebruik word.

41 Provinsiale toerisme-ontwikkelingsheffing

(1) Die Agentskap mag, in oorleg met die LUK en by wyse van kennisgewing in die *Gazette*, -

- (a) 'n provinsiale toerisme-ontwikkelingsheffing instel wat betaalbaar is deur 'n toeriste gerief of 'n persoon wat 'n toeriste diens aanbied of bedryf; en
- (b) van tyd om tyd 'n heffing voorskryf, wat by die prys van dienste gevoeg moet word wat verskaf word deur toeriste geriewe of die persoon wat 'n toeriste diens aanbied of bedryf; of
- (c) 'n heffing vasstel wat bereken is teen die koers wat in die kennisgewing bepaal word.

(2) Indien die Agentskap 'n provinsiale toerisme-ontwikkelingsheffing in ooreenstemming met hierdie artikel instel, is dit bevoeg om by wyse van siviele geding in 'n bevoegde hof, die bedrag van die heffing wat uitstaande is in terme van hierdie artikel, van 'n toeriste gerief of persoon wat aanspreeklik is vir betaling, verhaal.

Hoofstuk 6

Registrasie van Toeriste Geriewe of Persone wat Toeriste Dienste Aanbied of Bedryf

42 Register van toeriste geriewe en toeriste dienste in Provinsie

(1) Bykomend tot die register van toeriste gidse in artikel 21 van die Toerisme Wet, 1993 bedoel, moet die Agentskap 'n register van alle toeriste geriefe en persone wat 'n toeriste diens in die Provinsie aanbied of bedryf, ontwikkel en onderhou.

(2) Vir doeleindes van hierdie Hoofstuk, bied of bedryf 'n persoon 'n toeriste diens indien daardie persoon 'n toeriste gids, toer operateur, kourier of 'n opleidingsverskaffer is en 'n fasiliteit is 'n toeriste gerief indien daardie fasiliteit 'n hotel, gasteplaas, gastehuis, bed en ontbyt instelling, konferensie sentrum of restaurant is.

(3) Die Agentskap mag by wyse van kennisgewing in die *Gazette* enige ander tipe gerief of diens as 'n toeriste gerief of toeriste diens vir doeleindes van hierdie Wet aanwys.

43 Registrasie van toeriste gerief en toeriste diens in Provinsie

(1) Enige toeriste gids moet ingevolge die bepalings van die Wet op Toerisme, 1993 registreer by die Provinsiale Registrateur van Toeriste Gidse en die bepalings van daardie Wet is van toepassing op toeriste gidse.

(2) Enige toeriste gerief of persoon wat 'n toeriste diens in die Provinsie aanbied of bedryf moet by die Agentskap as sodanig registreer, met ingang van 'n datum wat deur die Agentskap vasgestel word by wyse van kennisgewing in die *Gazette*, en geen toeriste gerief of persoon wat 'n toeriste diens aanbied of bedryf mag na daardie datum voortgaan om diegerief te bedryf of die diens aan te bied of te bedryf nie tensy sodanige gerief of persoon geregistreer is.

(3) Die Agentskap moet by wyse van kennisgewing in die *Gazette*, die vereistes bepaal waaraan enige toeriste gerief of toeriste diens moet voldoen alvorens die gerief of persoon geregistreer mag word.

44 Aansoek vir registrasie as toeriste gerief of toeriste diens

(1) Enige toeriste gerief, of persoon wat 'n toeriste diens aanbied of bedryf of 'n persoon wat beoog om 'n toeriste gerief of toeriste diens te bedryf of aan te bied en te bedryf, moet by die Agentskap vir die registrasie van die toeriste gerief of toeriste diens aansoek doen.

(2) 'n Aansoek in subartikel (1) bedoel moet -

- (a) gedoen word op die wyse wat deur die Agentskap bepaal word;
- (b) vergesel word van die fooi wat deur die Agentskap by wyse van kennisgewing in die *Gazette* bepaal word;
- (c) vergesel word van enige planne, dokumente en ander inligting of besonderhede met betrekking tot die toeriste gerief of toeriste diens; en
- (d) enige addisionele dokumentasie of inligting wat deur die Agentskap vereis mag word.

45 Bevoegdhede van Agentskap met betrekking tot registrasie

(1) Die Agentskap mag, indien na sy mening, die vereistes vir die registrasie van 'n toeriste gerief of toeriste diens -

- (a) aan voldoen is, die toeriste gerief of toeriste diens of beoogde toeriste gerief of toeriste diens registreer; of
- (b) nie aan voldoen is nie of nie aan voldoen kan word nie, weier om die toeriste gerief of toeriste diens of beoogde toeriste gerief of toeriste diens te registreer.

(2) Alvorens die Agentskap 'n toeriste gerief of toeriste diens registreer -

- (a) moet die Agentskap die toeriste gerief of toeriste diens inspekteer of toesien dat dit geinspekteer word; en
- (b) mag die Agenstakp verdere ondersoeke instel met betrekking tot die toeriste gerief of toeriste diens.

46 Sertifikaat van registrasie

(1) Die Agentskap moet 'n sertifikaat van registrasie in die voorgeskrewe vorm aan 'n geregistreered toeriste gerief of persoon wat 'n toeriste diens aanbied of bedryf uitreik.

(2) Indien enige toeriste gerief of persoon wat 'n toeriste diens aanbied of bedryf ophou om geregistreer te wees of indien enige persoon ophou om 'n toeriste gerief of toeriste diens aan te bied of te bedryf, moet daardie toeriste gerief of persoon sonder versuim, die sertifikaat van registrasie aan die Agentskap teruggee.

47 Publikasie van lys van geregistreerde toeriste gerief en toeriste dienste

Die Agentskap moet periodiek, op sodanige wyse as wat dit mag bepaal, 'n lys en besonderhede van geregistreerde toeriste gerief en toeriste dienste tesame met aanbied of bedryf van sodanige toeriste gerief en toeriste dienste publiseer.

48 Kansellasië van registrasie van toeriste gerief en toeriste diens

(1) Die Agentskap mag, indien 'n toeriste gerief of 'n persoon wat 'n toeriste diens aanbied of bedryf nie die registrasie vereiste nakom nie, 'n kennisgewing aan

daardie toeriste gerief of persoon uitreik waarin die gerief of persoon drie maande vanaf die datum van die kennisgewing gegun word om die registrasie vereiste na te kom, en by versuim om te voldoen mag die Agentskap die registrasie terugtrek.

(2) Die Agentskap mag, indien die Agentskap dit nodig ag, die tydperk in subartikel (1) bedoel, verleng.

(3) Die toeriste gerief of die persoon wat 'n toeriste diens aanbied of bedryf die ten opsigte waarvan 'n kennisgewing uitgereik is, mag voor verstryking van die tydperk van drie maande of enige tydperk so verleng, skriftelike voorleggings aan die Agentskap rig met betrekking tot die beoogde terugtrekking van die registrasie van die toeriste gerief of toeriste diens.

(4) Indien, by die verstryking van die tydperk van drie maande of die tydperk so verleng, die Agentskap van mening is dat die betrokke vereiste nie nagekom is nie, mag die Agentskap die registrasie terugtrek en moet die toeriste gerief of die persoon wat die toeriste diens aanbied of bedryf daarvan in kennis gestel word.

49 Tydperk van geldigheid van registrasie en hernuwing

(1) Enige registrasie in terme van hierdie Wet is geldig vir 'n tydperk van een jaar bereken van die datum van uitreiking van die registrasie sertifikaat.

(2) Die toeriste gerief of persoon wat 'n toeriste diens aanbied of bedryf moet, ten minste 60 dae voor verstryking van die registrasie, by die Agentskap aansoek doen vir die hernuwing van die registrasie.

(3) 'n aansoek in subartikel (1) bedoel moet -

(a) gedoen word op die wyse wat die Agentskap bepaal; en

(b) vergesel word van die hernuwingsfooi wat deur die Agentskap by wyse van kennisgewing in die *Gazette* bepaal word.

(4) Die Agentskap mag, alvorens die registrasie van 'n toeriste gerief of toeriste diens hernu word, -

(a) die toeriste gerief of toeriste diens inspekteer of toesien dat dit geïnspekteer word; en

- (b) verdere ondersoeke instel met betrekking tot die toeriste gerief of toeriste diens.

50 Appel teen besluit van Agentskap

(1) Enige persoon wat ontevrede is met enige besluit van die Agentskap met betrekking tot -

- (a) die weiering van 'n aansoek vir registrasie;
 - (b) die terugtrekking van enige registrasie; of
 - (c) die kansellasië van enige registrasie,
- mag, op die voorgeskrewe wyse, na die LUK appelleer.

(2) Die LUK mag die Agentskap versoek om hom of haar met die skriftelike redes vir sy besluit en 'n verslag van die verrigtinge te voorsien.

(3) Wanneer 'n appèl aangeteken word -

- (a) word die besluit van die Agentskap opgehef, totdat die appèl gefinaliseer is; of
- (b) teen die weiering om enige registrasie te hernu, mag die LUK die geldigheid van sodanige registrasie verleng, totdat die appèl gefinaliseer is.

(4) Die LUK moet, na oorweging van die voorlegging en redes vir sy besluit deur die Agentskap verskaf -

- (a) die besluit van die Agentskap handhaaf; of
- (b) sodanige besluit ter syde stel,

en indien hy of sy besluit om die besluit ter syde te stel, dit met 'n behoorlike besluit vervang.

(6) Die besluit van die LUK is finaal.

Hoofstuk 7

Onderzoek van Persele

51 Aanwysing van inspekteur

(1) Die Agentskap mag enige werknemer van die Agentskap as 'n inspekteur aanstel of aanwys.

(2) Die LUK mag enige werknemer van die Agentskap as 'n omgewingsbestuur inspekteur aanwys in terme van artikel 31C van die "National Environment Management Act, 1998".

(3) 'n Inspekteur word, in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede in terme van hierdie Wet, geag om vredesbeampte te wees soos omskryf in artikel 1 van die Strafproses Wet, 1977 (Wet No. 51 van 1977).

(4) 'n Sertifikaat van aanstelling of aanwysing wat deur die Agentskap in die voorgeskrewe vorm uitgereik word en wat sertifiseer dat 'n persoon aangestel of aangewys is as 'n inspekteur, is *prima facie* bewys van die aanstelling of aanwysing.

52 Bevoegdhede en pligte van inspekteur

(1) 'n Omgewingsbestuur inspekteur beskik oor al die bevoegdhede en verpligtinge en mag al die funksies wat aan 'n omgewingsbestuur inspekteur ingevolge die "National Environmental Management Act, 1998" toegeken is, uitoefen.

(2) 'n Inspekteur mag 'n inspeksie doen en nakoming vereis van hierdie Wet en enige ander wet wat aan hom of haar die bevoegdheid verleen om 'n inspeksie te doen of nakoming te vereis van enige toerisme verwante aangeleentheid.

(3) Onderhewig aan enige ander wet, mag 'n inspekteur wat 'n inspeksie doen -

(a) enige persoon teenwoordig op enige grond of 'n perseel ondervra met betrekking tot enige aangeleentheid wat relevant mag wees tot die inspeksie;

(b) enige persoon ondervra wie die inspekteur van mening is relevante inligting tot die inspeksie mag hê;

- (c) enige dokument wat 'n persoon vereis word om te hou in terme van hierdie Wet of enige ander wet of wat relevant mag wees tot enige toerisme verwante inspeksie, inspekteer;
 - (d) 'n kopie maak van enige dokument in paragraaf (c) bedoel, of indien nodig, die dokument verwyder ten einde 'n kopie te maak;
 - (e) fotos neem of oudio-visuele opnames maak van enige iets of enige persoon, proses, aksie of voorwaarde met betrekking tot enige grond of perseel;
 - (f) nakomingskennisgewings uitvaardig in terme van artikel 59 of 'n perseel in terme van artikel 60 toemaak; en
 - (g) alle nodige aksies neem ten einde die inspeksie te doen.
- (4) 'n Inspekteur wat enige iets van die grond of 'n perseel wat ondersoek word verwyder, moet-
- (a) 'n kwitansie aan die eienaar of persoon in beheer van die grond of perseel uitreik; en
 - (b) dit so gou doenlik na bereiking van die doel waarvoor dit verwyder is teruggee.

53 Betreding met lasbrief

(1) An inspekteur mag enige grond of perseel betree indien 'n 'n lasbrief in ooreenstemming met subartikel (2) uitgereik het wat die inspekteur magtig om die grond of perseel te betree, en die lasbrief is steeds geldig.

(2) 'n Regterlike amptenaar mag 'n lasbrief om enige grond of perseel te betree en te ondersoek uitreik indien die regterlike amptenaar, as gevolg skriftelike inligting op eed, rede het om te glo dat -

- (a) dat dit in die belang van die publiek nodig is om inligting te bekom en dat dit nie bekom kan word sonder betreding van die grond of die perseel; of
- (b) daar nie-nakoming is van hierdie Wet.

(3) 'n Lasbrief in terme van subartikel (2) mag ter enige tyd uitgereik word en moet pertinent -

- (a) die grond of perseel wat betree en ondersoek mag word identifiseer; en
- (b) die inspekteur magtig om die grond of perseel te betree en ondersoek en om enige iets te doen wat in artikel 52 beoog word.

(4) 'n Lasbrief in terme van subartikel (2) is geldig totdat -

- (a) dit uitgevoer word;
- (b) dit gekanselleer word deur die regterlike amptenaar wie dit uitgereik het of, in sy of haar afwesigheid, deur 'n regterlike amptenaar;
- (c) die doel waarvoor dit uitgereik was, weggeval het; of
- (d) 90 dae het verloop vanaf die datum waarop dit uitgereik was.

(5) 'n Inspekteur wat 'n lasbrief uitvoer moet, voordat enige inspeksie aanvang neem -

(a) indien die eienaar van of 'n persoon oënskynlik in beheer van die grond of perseel teenwoordig is -

- (i) homself of haarself identifiseer en sy of haar bevoegheid aan daardie persoon verduidelik of bewys lewer van sy of haar aanstelling of aanwysing; en

- (ii) 'n kopie van die lasbrief aan daardie persoon of 'n persoon daarin vermeld oorhandig; of

(b) indien die eienaar of 'n persoon oënskynlik in beheer van die grond of perseel nie teenwoordig is nie of weier om 'n kopie van die lasbrief te aanvaar, 'n kopie van die lasbrief aan die grond of perseel in 'n opvallende en sigbare plek vasheg.

54 Betreding sonder lasbrief

(1) 'n Inspekteur wie nie 'n lasbrief in sy of haar besit het nie mag enige grond of perseel betree en ondersoek met die toestemming van die eienaar of 'n persoon

oënskynlik in beheer van die grond of perseel indien daardie persoon ouer as 18 jaar oud voorkom.

(2) Bykomend tot die betreding wat in terme van subartikel (1) toegelaat word, mag 'n inspekteur enige grond of perseel sonder 'n lasbrief betree -

(a) indien enige ander wet dit magtig; of

(b) ten einde vas te stel of 'n nakomingskennisgewing wat uitgereik is in terme van artikel 59 en wat uitstaande daadwerklik nagekom is.

(3) Alvorens 'n inspeksie op enige grond of perseel in terme van hierdie artikel gedoen word, moet die inspekteur homself of haarself identifiseer en sy of haar bevoegdheid verduidelik of bewys lewer van sy of haar aanstelling of aanwysing aan die persoon oënskynlik in beheer van die grond of perseel of die persoon wie toestemming verleen het om te betree.

(4) Enige betreding en inspeksie van enige grond of perseel sonder 'n lasbrief moet tussen sonop en sononder uitgevoer word.

55 Redelike gebruik van geweld

(1) 'n Inspekteur wat 'n lasbrief in terme van artikel 53 uitvoer mag enige weerstand om betreding of inspeksie oorkom deur geweld wat redelik nodig is te gebruik, insluitend die oopbreek van 'n slot, deur of venster van die grond of perseel wat betree word.

(2) Alvorens geweld gebruik word, moet die persoon wat die lasbrief uitvoer hoorbaar toegang vereis en moet sy of haar doel aankondig, tensy hy of sy rede het om te glo dat deur dit te doen dit iemand sal uitlok om enige onderwerp of dokument wat die doel van die inspeksie is, te vernietig, weg te doen daarmee of om daarmee te peuter.

(3) Geweld mag nie gebruik word om 'n betreding te bewerkstellig of 'n inspeksie in terme van artikel 54 te doen nie, behalwe as enige ander wet dit toelaat of in 'n noodgeval.

56 Inspekteur mag vergesel word

'n Inspekteur mag gedurende 'n inspeksie vergesel word deur 'n lid van die Suid Afrikaanse Polisie Diens of enige ander persoon wat redelik nodig is om tydens die inspeksie by te staan.

57 Verpligting om dokument te verskaf

Enige persoon wie in besit is van enige dokument wat relevant is tot 'n inspeksie, moet dit op versoek van 'n inspekteur verskaf.

58 Verpligting om vrae te antwoord en inspekteur by te staan

(1) Enige persoon wie deur 'n inspekteur in terme van hierdie Hoofstuk ondervra word moet eers ingelig word van sy of haar grondwetlike regte voordat enige ondervraging kan begin en enige vrywillige antwoord daarna deur daardie persoon moet waar en getrou wees na die beste van sy of haar vermoë.

(2) 'n antwoord of verduideliking wat aan 'n inspekteur gegee word mag nie gebruik of toegelaat word in strafgedinge teen die persoon wie dit verskaf nie, behalwe in gedinge teen daardie persoon op 'n klag wat verband hou met -

- (a) die administrasie van of aflê van 'n eed;
- (b) die maak van 'n vals verklaring; of
- (c) die versuim om ten volle en voldoende te antwoord op 'n geldige vraag.

(3) 'n Eienaar of okkupeerder van enige grond of perseel moet enige gerief en bystand voorsien wat redelik deur 'n inspekteur vereis word in die effektiewe nakoming van sy of haar funksies.

59 Nakomingskennisgewing

(1) 'n Inspekteur wie van mening is dat enige bepaling van hierdie Wet nie nagekom is nie, mag, onderhewig aan subartikel (2), 'n nakomingskennisgewing in die voorgeskrewe vorm aan die eienaar of persoon oënskynlik in beheer van die relevante grond of perseel, uitreik.

(2) 'n nakomingskennisgewing in subartikel (1) bedoel moet die volgende bevat -

- (a) die bepaling wat na bewering nie nagekom is nie;

- (b) besonderhede van die aard en omvang van die beweerde nie-nakoming;
- (c) enige stappe wat geneem moet word en die tydperk waarbinne daardie stappe geneem moet word; en
- (d) enige straf wat in terme van Hoofstuk 8 opgelê mag word in die geval van nie-nakoming van daardie stappe.

(3) 'n Nakomingskennisgewing bly geldig totdat 'n inspekteur 'n nakomingssertifikaat ten opsigte van daardie kennisgewing uitreik.

(4) 'n Inspekteur wie tevrede is dat die eienaar of persoon oënskynlik in beheer van enige grond of perseel die terme van 'n nakomingskennisgewing nagekom het mag 'n voorgeskrewe nakomingssertifikaat uitreik ten einde daar nakoming aan te dui.

60 Sluiting van geregistreerde en ander perseel

'n Inspekteur mag enige geregistreerde toeriste gerief ef of ander perseel toemaak waar -

- (a) die geregistreerde eienaar of betrokke persoon, of sy of haar bestuurder of agent versuim het om 'n nakomingskennisgewing wat met betrekking tot sodanige perseel in terme van artikel 59 uitgereik is, na te kom; en
- (b) die eienaar van 'n ongeregistreerde toeriste gerief versuim om sodanige toeriste gerief in terme van Hoofstuk 6 te registreer.

Hoofstuk 8

Oortredings en Strawwe

61 Algemene oortredings

(1) 'n Persoon is skuldig aan 'n oortreding indien daardie persoon enige reëls van die Agentskap met betrekking tot toegang in 'n beskermde gebiede of enige verbode aktiwiteit wat deur nasionale of provinsiale omgewingsbestuurswetgewing geïdentifiseer word, oortree, versuim om daaraan gehoor te gee of onderneem.

(2) 'n Persoon is skuldig aan 'n oortreding indien daardie persoon met opset vals of misleidende inligting met betrekking tot enige toeriste gerief of toeriste diens op enige wyse publiseer of veroorsaak of toelaat dat dit gepubliseer word.

(3) 'n Persoon is skuldig van 'n oortreding indien daardie persoon verantwoordelik is vir die betaling, invordering or indiening van enige heffing in terme van hierdie Wet en daardie persoon versuim of weier om daardie heffing te betaal, in te vorder of in te dien.

(4) 'n Persoon is skuldig aan 'n oortreding indien daardie persoon moet registreer in terme van hierdie Wet en daardie persoon bedryf 'n besigheid as 'n toeriste gerief of 'n toeriste diens sonder sodanige registrasie.

(5) 'n Persoon is skuldig aan 'n oortreding indien daardie persoon enige bepaling van hierdie Wet wat nie spesifiek elders as 'n oortreding verklaar word nie oortree.

62 Oortredings met betrekking tot Raad en Agentskap

'n Persoon is skuldig aan 'n oortreding indien daardie persoon -

- (a) die uitvoering van amptelike verpligtinge verhoed of met die Raad, 'n lid van die Raad of 'n werknemer van die Agentskap inmeng in sodanige uitvoering;
- (b) met opset die Agentskap, lid van die Raad of 'n werknemer van die Agentskap, vals of misleidende inligting gee; of
- (c) valslik voorgee om 'n lid van die Raad, 'n werknemer van die Agentskap, of die vertaler of assistent van daardie werknemer te wees.

63 Oortredings met betrekking tot inspeksies

'n Persoon is skuldig aan 'n oortreding indien daardie persoon -

- (a) weier om 'n inspekteur tot 'n perseel, waartoe die inspekteur behoorlik gemagtig is om toegang te hê, toegang te gee;
- (b) 'n inspekteur in die uitoefening of uitvoering van 'n bevoegdheid of verpligting in terme van hierdie Wet verhinder, of daarmee inmeng of verhoed;

- (c) weier om 'n inspekteur met 'n dokument of inligting te voorsien wat die persoon wettiglik vereis word om te voorsien in terme van hierdie Wet;
- (d) vals of misleidend inligting aan 'n inspekteur gee;
- (e) onwettig die eienaar van enige grond of perseel, of 'n persoon werksaam vir daardie eienaar, verhoed om die die grond of perseel te betree ten einde aan 'n vereiste van hierdie Wet te voldoen;
- (f) voorgee om 'n inspekteur te wees;
- (g) 'n toestemming of 'n lasbrief, nakomingskennisgewing of nakomingsertifikaat in Hoofstuk 7 bedoel, vervals;
- (h) versuim om 'n nakomingskennisgewing wat in terme van artikel 59 uitgereik word na te kom;
- (i) enige grond of perseel sonder 'n lasbrief betree in omstandighede waar 'n lasbrief vereis word;
- (j) teenstrydig met 'n lasbrief wat in terme van Hoofstuk 7 uitgereik word optree;
- (k) sonder bevoegheid enige grond of perseel betree of inspekteer;
- (l) enige inligting openbaar met betrekking tot die finansies of besigheid van enige persoon wat bekom is in die uitoefening van enige bevoegdheid of verrigting in terme van hierdie Wet behalwe -
 - (i) aan 'n persoon wie daardie inligting benodig ten einde 'n bevoegdheid of verpligting in terme van hierdie Wet uit te oefen of uit te voer;
 - (ii) waar die openbaarmaking deur 'n bevoegdhede hof beveel word; of
 - (iii) waar die openbaarmaking in ooreenstemming is met die bepalings van enige wet.

64 Strawwe

Enige persoon wie skuldig bevind word aan 'n oortreding kragtens hierdie Wet is strafbaar -

- (a) in die geval van 'n oortreding van die reëls in artikel 61(1) bedoel -
- (i) met die eerste skuldigbevinding, tot 'n boete wat nie R250 000 oorskrei nie of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie 15 jaar oorskrei nie, of tot beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf; en
 - (ii) in die geval van 'n tweede of daaropvolgende skuldigbevinding vir die dieselfde oortreding, tot 'n boete wat nie R500 000 oorskrei nie of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie 30 jaar oorskrei nie, of tot beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;
- (b) in die geval van 'n oortreding of verbode aktiwiteit in artikel 61(1) bedoel, anders as 'n oortreding van die reëls, met die straf wat in die betrokke nasionale of provinsiale omgewingsbestuurswetgewing voorsiening gemaak word;
- (c) in geval van 'n oortreding in artikel 62 bedoel tot 'n boete wat nie R5 000,00 oorskrei nie of tot gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie een jaar oorskrei nie of tot beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf; en
- (d) in die geval van 'n algemene oortreding in artikel 61(2) tot (5) bedoel, tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie twee jaar oorskrei nie of tot beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

65 Vermoedens

(1) Wanneer enige vuurwapen, lewende wildedier, karkas van 'n wildedier, insluitend 'n vis, of flora gevind word in of bewys word dat dit in enige voertuig, vaartuig, boot, vaartuig, vlot, vliegtuig of ander vervoermiddel was, word dit vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat dit in die besit was van die persoon in beheer van sodanige voertuig, vaartuig, boot, vaartuig, vlot, vliegtuig of ander vervoermiddel.

(2) Wanneer enige bedreigde flora, beskermde flora of onbeskermde inheemse flora in besit van 'n persoon gevind word of dit word bewys dat die bedreigde flora, beskermde flora of onbeskermde inheemse flora in besit van daardie persoon was, word dit vermoed dat hy of sy, totdat die teendeel bewys word, sodanige flora gepluk het.

(3) Wanneer enige wilde lewende dier in besit van 'n persoon gevind word of dit word bewys dat daardie persoon in besit was van enige wilde lewende dier, word dit vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat hy of sy sodanige dier in aanhouding gehou het op die relevante tyd.

(4) Wanneer enige persoon gevind word waar hy of sy besig is om enige wilde dier of die karkas van 'n wilde dier uit 'n slagyster, strik, vanggat, net, voëllym of enige ander toestel of middel te verwyder of dit word bewys dat hy of sy enige wilde dier of die karkas van 'n wilde dier uit 'n slagyster, strik, vanggat, net, voëllym of enige ander toestel of middel verwyder het, word dit vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat hy of sy sodanige slagyster, strik, vanggat, net, voëllym of enige ander toestel of middel gelê of voorberei het en die betrokke dier gevang het.

(5) Wanneer ookal -

(a) 'n voertuig, vaartuig, boot, vaartuig, vlot, vliegtuig of ander vervoermiddel gebruik word of gebruik was vir die doel van of met betrekking tot die pleging van 'n oortreding kragtens hierdie Wet;

(b) (i) enige wilde dier of die karkas van 'n wilde dier insluitend 'n vis in verband waarmee 'n oortreding kragtens hierdie Wet begaan is; of

(ii) enige wapen, implement, lyn, gif of enige ander onderwerp wat gebruik kan word vir jag of vangs van enige wilde dier insluitend 'n vis en wat gebruik word of gebruik is of wat 'n element uitmaak van die pleging van 'n oortreding kragtens hierdie Wet, gevind word in of teenwoordig was in enige voertuig, vaartuig, boot, tuig, vlot, vliegtuig of ander vervoermiddel,

word vermoed dat die eienaar van sodanige voertuig, vaartuig, boot, tuig, vlot, vliegtuig of ander vervoermiddel en ook elke persoon daarop of daarin ten tye van die pleging van die oortreding of ten tye wanneer die wilde dier, karkas of ander onderwerp in paragrafe (a) en (b) bedoel gevind is in voertuig, vaartuig, boot, vaartuig, vlot, vliegtuig of ander vervoermiddel, die betrokke oortreding gepleeg het en is onderhewig aan skuldigbevinding en vonnis in verband daarmee tensy hy of sy bewys dat hy of sy nie sodanige oortreding gepleeg het nie en nie daaraan deelgeneem het of die pleging van die oortreding kon verhoed nie.

(6) Wanneer enige persoon op enige openbare pad in besit gevind word van enige vuurwapen (anders as 'n pistool of rewolwer) wat gelaai is of nie op so 'n manier toegemaak is dat die loop en die sneller geheel en al are toegemaak is, word dit vermoed dat hy of sy besig is om 'n wilde dier van of op sodanige pad te jag, totdat die teendeel bewys word.

(7) Wanneer in enige vervolging kragtens hierdie Wet beweer word dat 'n oortreding gepleeg is ten opsigte van enige fauna of flora van die spesies in die klag vermeld, word dit vermoed, in die afwesigheid van getuienis tot die teendeel, dat sodanige fauna of flora van die spesies in die klag vermeld is.

(8) Wanneer in enige vervolging kragtens hierdie Wet beweer word dat 'n handeling wat 'n oortreding uitmaak gepleeg is binne die grense van 'n beskermde gebied wat binne die jurisdiksie van die Agentskap val word dit vermoed, in die afwesigheid van getuienis tot die teendeel, dat dit binne die grense van daardie beskermde gebied gepleeg is.

(9) Wanneer in enige vervolging kragtens hierdie Wet beweer word dat enige fauna of flora wat 'n element in die pleging van die oortreding uitmaak van 'n spesifieke dimensie of massa is, word dit vermoed, in die afwesigheid van getuienis tot die teendeel, dat sodanige fauna of flora van daardie dimensie of massa is.

(10) Wanneer 'n persoon gevind word besig om 'n kollig te skyn en om 'n vuurwapen te dra word dit vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat hy of sy besig is om te jag met behulp van kunsmatige lig.

(11) 'n Wilde dier of inheemse plant waarin of waarop 'n elektroniese sender ingeplant of vasgeheg is, word vermoed om van oorsprong te wees van die plek waarin dit was ten tye van die inplanting of vashegting van die sender, soos aangeteken in die register wat vir hierdie doeleindes deur die Departement gehou word.

66 Jurisdiksie van landdroshof

'n Landdroshof het jurisdiksie om enige straf waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word op te lê.

Hoofstuk 10

Oorgangsbepalings

67 Ontbinding van “Eastern Cape Parks Board” en “Eastern Cape Tourism Board”

Vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, word die “Eastern Cape Parks Board” en die “Eastern Cape Tourism Board” afgeskaf en die Rade wat aangestel is in terme van die “Provincial Parks Boards Act (Eastern Cape), 2003”, en die “Eastern Cape Tourism Board Act, 2003” ontbind.

68 Regsopvolger

(1) Vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, is die Agentskap, vir alle doeleindes die regsopvolger van die “Eastern Cape Parks Board” en die “Eastern Cape Tourism Board”, en

(a) word die eienaar van alle roerende en onroerende eiendom van die “Eastern Cape Parks Board” en die “Eastern Cape Tourism Board”;

(b) vervang die “Eastern Cape Parks Board” en die “Eastern Cape Tourism Board”, as party tot alle kontrakte asof die Agentskap die kontraksparty was ten tye van kontraktering en die kontraktuele regte, verpligtinge en verantwoordelikhede van die “Eastern Cape Parks Board” en die “Eastern Cape Tourism Board” ingevolge daarvan word oorgedra aan die Agentskap; en

(c) word geag om alle finansiële instrumente van die “Eastern Cape Parks Board” en die “Eastern Cape Tourism Board” uit te gereik het.

(2) Enige gelde wat onmiddelik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet tot krediet van die “Eastern Cape Parks Board” en die “Eastern Cape Tourism Board” in die onderskeie bank rekeninge lê vestig in die Agentskap en moet oorgedra word na die bank rekening van die Agentskap sodra dit oopgemaak word.

(3) Enige verwysing in enige wet of dokument na die “Eastern Cape Parks Board” of die “Eastern Cape Tourism Board” moet uitgelê word as ‘n verwysing na die Agentskap, tensy sodanige uitleg duidelik ontoepaslik is.

69 Tussentydse Raad

(1) Die LUK moet, binne sewe dae vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, sodanige persone as wat hy of sy goeddink, aanstel om as lede van die tussentydse Raad te dien en moet 'n voorsittende beampte en 'n onder-voorsittende beampte aanstel.

(2) Die ampstermyn van lede van die tussentydse Raad is ses maande of totdat die LUK die lede vir die eerste ampstermyn in artikel 17 bedoel aangestel het.

(3) Die tussentydse Raad mag die dieselfde bevoegdhede en pligte wat aan die Raad in terme van hierdie Wet opgedra is, uitoefen en verrig.

(4) Die LUK mag die lede van die tussentydse Raad vergoed.

70 Waarnemende hoof uitvoerende beampte

(1) Die LUK moet, binne sewe dae vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, sodanige persoon as wat hy of sy goeddink, as waarnemende hoof uitvoerende beampte van die Agentskap aanstel.

(2) Die LUK moet 'n waarnemende hoof uitvoerende beampte aanstel vir 'n tydperk van ses maande of totdat die Raad 'n hoof uitvoerende beampte aanstel.

(3) Die waarnemende hoof uitvoerende beampte mag dieselfde bevoegdhede en pligte wat aan die hoof uitvoerende beampte in terme van hierdie Wet opgedra of gedelegeer is, uitoefen en verrig.

(4) Die LUK mag die waarnemende hoof uitvoerende beampte sodanige vergoeding betaal wat nie die trefwydte van die salarisskaal wat op die hoof uitvoerende beamptes van die "Eastern Cape Parks Board" en die "Eastern Cape Tourism Board" van toepassing is, oorskrei nie.

71 Regsgedinge en interne gedinge en ondersoeke

(1) Alle strafgedinge wat onmiddelik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingestel is kragtens die bepalings van die "Provincial Parks Boards Act (Eastern Cape), 2003", en die "Eastern Cape Tourism Board Act, 2003", en gedinge wat nie afgehandel is voor die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, moet in alle opsigte voortgesit en afgehandel word, asof hierdie Wet nie gepromulgeer is nie.

(2) Geen bepaling van hierdie Wet beïnvloed enige siviele geding wat hangende is by die inwerkingtreding van hierdie Wet nie, en sodanige geding moet voortgesit word en afgehandel word in alle opsigte asof hierdie Wet nie gepromulgeer is nie.

(3) 'n Siviele geding word, vir die doeleindes van hierdie artikel, geag om hangende te wees indien, met die inwerkingtreding van hierdie Wet, 'n dagvaarding uitgereik is maar uitspraak nog nie gelewer is nie, en is afgehandel wanneer uitspraak gelewer word.

(4) Enige interne verhoor, ondersoek of dissiplinêre verhoor wat ingestel is deur die "Eastern Cape Parks Board" of die "Eastern Cape Tourism Board" en wat hangende is op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, mag voortgesit word of ingestel word asof hierdie Wet nie gepromulgeer is nie.

72 Bestuur van beskermde gebiede

Die bestuur van die beskermde gebiede wat die "Eastern Cape Parks Board" geïdentifiseer het as Provinsiale parke in sy jurisdiksie en wat die "Eastern Cape Parks Board" bestuur in terme van die "Provincial Parks Boards Act (Eastern Cape), 2003", word hiermee aan die Agentskap toegeken ongeag van die feit dat die LUK nie daardie Provinsiale parke aan die "Eastern Cape Parks Board" in terme van daardie Wet opgedra het nie en die Agentskap is die bestuurbevoegheid van daardie beskermde gebiede vir doeleindes van artikel 38(2) van die "National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003".

73 Finansiële, administratiewe en ander rekords van "Eastern Cape Parks Board" en "Eastern Cape Tourism Board"

Alle finansiële, administratiewe en ander rekords van die "Eastern Cape Parks Board" en die "Eastern Cape Tourism Board" moet aan die Agentskap oorgedra word.

74 Werknemers van "Eastern Cape Parks Board" en "Eastern Cape Tourism Board"

(1) 'n persoon wie, onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, in diens was van die "Eastern Cape Parks Board" of die "Eastern Cape Tourism Board" word oorgedra in diens van die Agentskap met behoud van die salaris, toelaes en ander

diensvoorwaardes wat van toepassing was op daardie persoon voor die inwerkingtreding van die Wet en hy of sy word geag om kragtens hierdie Wet aangestel te wees.

(2) Die salaris, toelaes en ander diensvoorwaardes van sodanige persoon word geag kragtens hierdie Wet vasgestel te wees, en enige verlof, pensioen of ander voordele wat die persoon toekom as gevolg van daardie persoon se diens in die "Eastern Cape Parks Board" of die "Eastern Cape Tourism Board" word geag aan die persoon toe te kom as gevolg van sy of haar diens in die Agentskap.

(3) Onderhewig aan die bepalings van hierdie Wet, is enige-

- (a) wet met betrekking tot enige diensvoorwaarde;
- (b) maatreël met betrekking tot die verpligtinge, funksies en bevoegdhede; of
- (c) reëling met betrekking tot enige administratiewe funksie,

wat van toepassing was op 'n persoon in diens van die "Eastern Cape Parks Board" of die "Eastern Cape Tourism Board" onmiddelik voor inwerkingtreding van hierdie Wet, bly van krag totdat dit gewysig word deur die Agentskap en die betrokke werknemer.

75 Voortdoring van registrasie van toeriste gidse, toer operateurs, koeriers, opleiding verskaffers, hotelle, ander akkommodasie instansies, konferensie sentrums, restaurante en aangewese toeriste geriewe

(1) 'n Persoon wie onmiddelik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet geregistreer was in terme van die "Eastern Cape Tourism Board Act, 2003" en as gevolg van daardie registrasie, bevoeg was om 'n besigheid te bedryf soos omskryf word in daardie Wet, word geag kragtens hierdie Wet geregistreer te wees en is, onderhewig aan hierdie Wet, bevoeg om daardie besigheid te bedryf onderhewig aan die voorwaardes wat ten opsigte van sodanige persoon met betrekking tot sodanige persoon se registrasie om daardie besigheid te bedryf in terme van die "Eastern Cape Tourism Board Act, 2003".

(2) 'n Persoon waarna in subartikel (1) verwys word moet, voor die datum wat daardie registrasie sou verval het as dit nie was vir die feit dat die "Eastern Cape Tourism Board Act, 2003" herroep is nie, aansoek doen by die Agentskap in

ooreenstemming met artikel 46 vir 'n sertifikaat van registrasie in ruil vir die sertifikaat van registrasie wat aan sodanige persoon uitgereik is kragtens die "Eastern Cape Tourism Board Act, 2003".

(3) By ontvangs van 'n aansoek in terme van subartikel (2), moet die Agentskap die nuwe sertifikaat van registrasie uitreik wat die vereistes in artikel 43 bedoel bevat.

76 Bestuursplanne

Enige bestuursplan wat deur die "Eastern Cape Parks Board" by die LUK vir goedkeuring ingedien is en wat -

(a) deur die LUK goedgekeur is, word geag goedgekeur te wees in terme van hierdie Wet; en

(b) nog nie deur die LUK goedgekeur is nie, moet deur hom of haar goedgekeur word in terme van hierdie Wet.

77 Ondersoeke en wetstoepassingsaktiwiteite

Enige ondersoek of wetstoepassingsaktiwiteit wat kragtens die "Provincial Parks Boards Act (Eastern Cape), 2003", en die "Eastern Cape Tourism Act, 2003" gedoen of onderneem is word geag gedoen of onderneem te word kragtens die bepalings van hierdie Wet vir die doeleindes van vervolging en 'n bevinding van die hof.

78 Algemene bepalings

(1) Vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, vestig alle bates, regte, verpligtinge en aanspreeklikheid van die "Eastern Cape Parks Board" en die "Eastern Cape Tourism Board" waarna nie in hierdie hoofstuk verwys word nie, in die Agentskap;

(2) Enige iets wat gedoen is of enige besluit wat geneem is deur die "Eastern Cape Parks Board" en die "Eastern Cape Tourism Board" in terme van enige bepaling van die "Provincial Parks Boards Act (Eastern Cape), 2003", en die "Eastern Cape Tourism Act, 2003", word geag gedoen of geneem te wees deur die Agentskap.

(3) Enige heffings of fooie wat deur die "Eastern Cape Parks Board" en die "Eastern Cape Tourism Board" in terme van die "Provincial Parks Boards Act (Eastern Cape), 2003", en die "Eastern Cape Tourism Act, 2003" bepaal is voor die die inwerkingtreding van hierdie Wet word geag om kragtens hierdie Wet vasgestel te wees.

(4) Geen handeling wat deur die "Eastern Cape Parks Board" binne die Provinsiale parke in terme van die "Provincial Parks Boards Act (Eastern Cape), 2003" verrig is nie is ongeldig bloot omdat die LUK nie die Provinsiale parke aan die "Eastern Cape Parks Board" in terme van daardie Wet opgedra het nie.

Hoofstuk 10

Algemene Bepalings

79 Prosedurele billikheid

Onderhewig aan die bepalinge van hierdie Wet, in die geval waar die Agentskap 'n besluit of enige ander stap van 'n administratiewe aard kragtens hierdie Wet neem wat die regte en verpligtinge van 'n ander persoon aantast, moet die Agentskap -

- (a) die aard en impak daarvan skriftelik, gedruk of elektronies bekend maak aan enige geaffekteerde persoon en liggaam op 'n manier wat daarop gerig is om te verseker dat hulle volle kennis daarvan dra; en
- (b) enige toepaslike vereiste vir 'n redelike administratiewe handeling insluitend die verskaffing van redes vir diskresionêre besluite kragtens enige wet ingestel of opgelê word, nakom.

80 Herroeping van wette

Die "Eastern Cape Tourism Board Act" 2003, en die "Provincial Parks Boards Act (Eastern Cape), 2003", word hiermee herroep.

Hoofstuk 11

Kort Titel en Inwerkingtreding

81 Kort titel en inwerkingtreding

(1) Hierdie Wet word die Oos Kaap Parke en Toerisme Agentskap Wet, 2010 genoem en tree in werking op 'n datum deur die Premier by wyse van kennisgewing in die *Gazette* bepaal.

(2) Die Premier mag verskillende datums vir inwerkingtreding van verskillende artikels of hoofstukke bepaal.
